SAKE 24 (Burger Kaap)
Friday, 4 July 2008, p. 3

MiWay nou ook aanlyn joune

MiWay, 'n nuweling in die finansiëledienste-sektor, het gister 'n nuwe versekeringstrategie bekend gemaak wat 'n eerste vir die Suid-Afrikaanse mark is – die eerste kwotasie-en-verkoopinisiatief vir versekering wat ten volle aanlyn is.

Met MiWay se nuwe diens kan internetgebruikers nie net 'n aanlyn-kwotasie kry vir versekering nie, maar hulle kan ook die kwotasie aanvaar en onmiddellik dekking geniet.

Dit alles sonder 'n enkele telefoonoproep en enige papierwerk.

Die nuwe diens sal aanvanklik slegs produkte aanbied vir motorversekering, met huishoudelike en persoonlike versekering in die nabye toekoms.

Die nuwe diens kan gevind word by www.miway.co.za.